


Beeld

Jou wêreld, Jou koerant

Vrydag 9 Julie 2010 **R5,50**



» Breker bedrieg vroue glo – **bl. 5**



» Pasop Sondag vir die N1 – **bl. 6**



» 'Maak hom calamari!' – **bl. 3**

Zim-renosters uit SA gestroop



Mnr. Hardlife Nkomo, 'n wildstroper in Zimbabwe, rook 'n sigaret nadat hy in die bors gewond is deur wildbewaarders.

Jagter van Musina met gewere verbind

Julian Rademeyer

Gewetenlose Suid-Afrikaanse jagters en safari-operateurs stroop Zimbabwe se dierelewe.

Mnr. Johan Roos (44), 'n jagter van Musina, is as een van die beweerde baasbreine agter onwettige renosterjag in Zimbabwe geïdentifiseer.

Roos is 'n veroordeelde wilddief.

'n *Beeld*-ondersoek wys Roos smokkel jaggewere wat in Suid-Afrika geroof word en met knaldempers toegerus is na Zimbabwe om renosters in dié land mee te skiet.

Beeld het vasgestel dat Roos die afgelope 11 maande in twee afsonderlike voorvalle in Zimbabwe positief geïdentifiseer is as die man wat jaggewere aan die wilddiewe verskaf en hulle opdrag gee om renosters te skiet.

Een van dié jaggewere, 'n Winchester .375, is verlede jaar in 'n plaasaanval in Limpopo geroof. Dit is van 'n knaldemper voorsien en aan wildstropers in Zimbabwe gegee. Die gebruik van knaldempers is onwettig in Zimbabwe.

Volgens natuurbewaringsagentskappe word 95% van die renosters wat onwettig in Afrika gejag word, in Suid-Afrika en Zimbabwe geskiet. Net 4% van die gevalle word in Zimbabwe suksesvol vervolg.

Roos is in Augustus verlede jaar in Zimbabwe in hegtenis geneem nadat 'n gewonde wildstroper vertel het dat 'n .303 met 'n knaldemper, wat by hom gevind is, van Roos afkomstig was.

Roos is toe naby die Beitbrug-grenspos aangekeer. Hy was drie dae in die tronk voordat hy op onverklaarbare wyse vrygelaat is. Hy is vroeër vanjaar deur nóg 'n renosterjagter in Zimbabwe by stropery betrek.

Beeld se oproep na Roos se telefoon is dié week geantwoord deur 'n man wat homself as Pieter, sy broer, beskryf het.

Hy het gesê sy broer is "totaal en al onskuldig" en dat sy naam in Zimbabwe "genoem is deur 'n swarte wat drooggemaak het".



Die karkas van 'n renoster wat in die suide van Zimbabwe doodgeskiet is deur wildstropers.

Hy het gesê sy broer is tans "op vakansie in Swaziland".

Roos se selfoonstate toon aan dat hy in verbinding met bekende Zimbabwiese wildstropers was. Sy paspoort wys dat hy dié land meer as 50 keer besoek het oor 'n tydperk van twee-en-'n-half jaar.

Supt. Hosiah Mukombero, Zimbabwiese polisiehoof van die Beitbrug-grenspos, het al vroeër beweer Roos is die "baasbrein" agter 'n wildsmokkelsindikaat. Volgens Mukombero is Roos ook betrokke by die onwettige jag van sebras waarna hy die velle na Suid-Afrika smokkel.

Mnr. Charles Davy, 'n gesiene Zimbabwiese sakeman en 'n kernbelegger in die Bubye-vallei-bewaringsgebied, het gesê Suid-Afrikaners sit agter "bykans 100%" van die onwettige jag en wildstropery in die suide van Zimbabwe. Davy is die pa van Chelsy, prins Harry se meisie.

"Die probleem het einde 2008 begin toe ons 12 renosters verloor het. Totdat ek die eerste .303 gesien het, het ek nie geweet dit is moontlik om 'n hoë-snelheid-geweer met 'n knaldemper toe te rus nie," sê Davy.

Die smokkelnetwerke kry hulp van korrupte polisie- en immigrasiebeamptes.

Mnr. Blondie Leathem, bestuurder van Mazunga-safari's in Bubye, het gesê die wildstropery word beslis uit die Limpopo-provinsie bedryf.

"Die manne wat betrokke is by sebravelle is ook betrokke by renosterjag. Dit vat vyf of ses mans minstens 20 minute om 'n sebra se vel af te slag. Hulle het besef die risiko raak te hoog. Daarom is dit nou renosters: Dit vat vyf minute met 'n mes om die horing te verwyder."

Die wilddief



Mnr. Johan Roos, jagter en veroordeelde wildstroper van Musina.



'n Zimbabwiese polisieman hou 'n Winchester .375 met 'n knaldemper vas wat by wildstropers gekry is. *Beeld* het die wapen teruggespoor na 'n plaasaanval in Limpopo.

Lees op bl. 8: Die geweer, die plaasaanval en 'die mafia'

Misdaad daal skerp in Jo'burg en Pretoria tydens WB

Gloria Edwards

Misdaad in Pretoria en Johannesburg het gedurende WB 2010 aansienlik afgeneem – in sommige omgewings tot met 70%.

Mnr. Clive Humphrey, besturende direkteur van die veiligheidsmaatskappy ADT in Pretoria, het gister gesê veral geweldsmisdaad het oor die hele Pretoria afgeneem.

"Inbrake by huise in die suide van Pretoria en Centurion het aansienlik afgeneem."

In Johannesburg-Wes het misdaadvoorvalle met 70% afgeneem en in Johannesburg-Oos met 60%, het mnr. Roy Rawlins, ADT-hoof in dié stad, gister gesê.

Hy skryf die daling toe aan die "toename in sigbare polisiëring wat gepaard gaan met strategiese ontplooiing van hulpbronne vir die WB".

Volgens kol. Vish Naidoo van die WB Nasionale Gesamentlike Operasiesentrum is sowat 55 000 bykomende permanente polisiebeamptes aangestel in die vyf jaar voor WB 2010. "Die reservistemag is ook versterk."

Naidoo het bevestig misdaad het wél gedaal tydens die toernooi, maar kan nog nie die polisie se WB-misdaadstatistieke beskikbaar stel nie.

Naidoo het vrese dat misdaadvlakke ná die toernooi weer sal styg, probeer besweer.

Dr. Johan Burger, senior navorser van die Instituut vir Sekerheidstudie (ISS), het onlangs gesê het hy kan nie sien hoe die polisie dié hoë sigbaarheid ná WB 2010 sal kan volhou nie.

Volgens hom is alle lede se verlof tydens die toernooi gekanselleer, wat die polisie in dié tydperk in staat stel om alle hulpbronne te benut.

"Daar is nie rede tot kommer nie. Mense moet egter verstaan dat daaglikse polisiëring op misdaadpatroonontledings gegrond word. Polisiekantore gebruik dié ontledings om teikenareas te bepaal en beamptes daarheen te ontplooi," het Naidoo gesê.

"Tydens 'n massiewe gebeurtenis soos WB 2010 het die polisie inligting oor presies watter areas kwesbaar gaan wees en ontplooi magte daarvolgens."

Duitser gearresteer ná drama op WB-vlug

Richard Roberts

Port Elizabeth. – Asof dit nie erg genoeg was dat sy span verloor het nie, moes 'n Duitse sokkertoeris gister hier in die hof verskyn.

Mnr. Jorg Mardos het glo so kwaad geword toe 'n SAL Express-vlug nie in Durban kon land nie dat hy 'n bemanningslid van die vliegtuig aangerand het. Hy en sy gesin sou die halfeindstryd tussen Duitsland en Spanje in Durban gaan kyk het.



Mnr. Jorg Mardos

Daar was nie eergisteraand genoeg spasie vir al die vliegtuie op die King Shaka- internasionale lughawe nie. Vlug 1339 van SAL Express moes daarom ook na Port Elizabeth terugkeer.

Volgens me. Dileseng Koetle, woordvoerder van die SAL, het hy glo 'n mansbemanningslid te lyf gegaan ná die aankondiging dat hulle sal moet omdraai.

Mardos (37) is in hegtenis geneem nadat hulle geland het. Hy is op waarskuwing vrygelaat en het gister hier in 'n spesiale WB 2010-hof verskyn.

Die saak is tot vanoggend uitgestel sodat hy met 'n regsverteenwoordiger kan konsulteer. Mardos is nog nie formeel aangekla nie, maar sal waarskynlik luidens burgerlugvaartverordeninge aangekla word.

■ **Berig oor chaos met vlugte op bl. 3.**



OM IN TE TEKEN: SMS die woord NUUT en jou adres na 33401

Intekenare: R4.65 (KZN uitgesluit) per eksemplaar

9 771016 390003